**[2] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 10**

## A. Inleiding

Soos in verlede week se Bybelstudie verduidelik is, was Psalm 9 en Psalm 10 oorspronklik een alfabetiese psalm. Die alfabet word deur die hele Psalm 9 en tot by vers 1 van Psalm 10 gevolg. Dit word dan onderbreek, tot dit van vers 12 af hervat en korrek met ’n *tau* (die laaste letter van die Hebreeuse alfabet) in vers 17 eindig. Dit lyk dus of daar per ongeluk of met opset aan die teks verander is. Die antieke Griekse vertaling van Psalm 10 se inhoud stem egter grootliks ooreen met die Hebreeuse teks, dus kan ons die teks soos dit is as gesaghebbend aanvaar.

Soos verlede week genoem is, is die woordeskat en styl van Psalms 9 en 10 ook dieselfde. Die tema van die twee psalms saam is ’n beskrywing van die Here as Allerhoogste God (9:3) wat as Koning (10:16) uit Jerusalem regeer (9:12, 15). Hy is die Regter (9:5, 8-9), die Skepper, die God wat die geskiedenis bestuur.

Psalm 10 is egter meer gefokus op die onregverdige optrede van die goddelose teenoor die gelowiges wat hulle uitbuit en verdruk. Die digter is veral ongelukkig oor hulle arrogante houding wat sê dat daar nie ’n God is nie, dat die Here nie van hulle wandade kennis neem nie, dat hulle niks sal oorkom nie. Die psalmdigter glo daarenteen dat die Here wel kennis neem van wat op aarde gebeur, dat Hy wel regverdig sal oordeel. Op grond daarvan bid die digter dat die Here sal ingryp en die saak van die onskuldige sal verdedig.

Die omstandighede van die psalmdigter stem baie ooreen met dié waaroor Maleagi in Hoofstuk 3 kla – dagloners word beroof, weduwees en weeskinders en vreemdelinge word mishandel (Mal 3:5). Die goddeloses is vermetel, hulle laster God, maar kom niks oor nie (Mal 3:15). Dit veroorsaak dat die regverdiges vra wat dit dan help om die Here te vrees. Die redakteurs van die Psalmboek het die psalm (in 9:1) aan Dawid toegeskryf, al is dit omtrent 700 jaar ná die tyd van Dawid geskryf. Die rede daarvoor is dat hulle geglo het Dawid dien as voorbeeld vir alle gelowiges. Iemand wat Dawid se geskiedenis ken, sal weet dit is hoe hy tot God sou gebid het, byvoorbeeld in die tyd toe Absalom hom wou doodmaak (sien die opskrifte van Psalms 3, 7, en 9).

### Teenoor hoogmoedige vyande word toevlug geneem tot God.

1. O Here, waarom staan U so ver weg
   en hou U verborge in tye van benoudheid?
2. In sy trotsheid vervolg die goddelose die ellendige.
   Laat hulle gegryp word in die listige planne wat hulle uitgedink het!
3. Want die goddelose juig oor die begeerte van sy siel;
   en hy seën hom wat onregverdige wins maak, hy verag die Here.
4. Die goddelose, met sy neus in die hoogte, sê: Hy ondersoek nie:
   daar is geen God nie — dit is al sy gedagtes!
5. Sy weë is altyd voorspoedig; hoog daarbo is u gerigte,

weg van hom af; al sy teëstanders — hy blaas op hulle.
6. Hy sê in sy hart: Ek sal nie wankel nie;
van geslag tot geslag is ek die een wat nie in die ongeluk sal wees nie.
7. Sy mond is vol van vloek en van bedrog en verdrukking;
onder sy tong is moeite en onreg.

8. Hy sit in die hinderlae by die dorpe;
in skuilplekke maak hy die onskuldige dood;
sy oë loer op die ongelukkige.
9. Hy loer in die skuilhoek soos 'n leeu in sy lêplek; hy loer om die ellendige te vang;
hy vang die ellendige deur sy net toe te trek;
10. en verbryseld sink dié terneer,
en die ongelukkiges val in sy mag.
11. Hy sê in sy hart: God vergeet dit;
Hy verberg sy aangesig; vir ewig sien Hy dit nie.

12. Staan op, Here! o God, hef u hand op;
vergeet die ellendiges nie!
13. Die goddelose, waarom verag hy God en
sê in sy hart: U soek dit nie?
14. U het dit gesien; want U aanskou die moeite en verdriet,
sodat 'n mens dit in u hand sal gee.
Aan U gee die ongelukkige dit oor; U was 'n helper van die wees.
15. Verbreek die arm van die goddelose en slegte;
besoek sy goddeloosheid totdat U niks vind nie!
16. Die Here is Koning vir ewig en altyd;
die heidene het vergaan uit sy land.
17. Here, U het die begeerte van die ootmoediges gehoor;
U sal hulle hart versterk, u oor sal luister
18. om aan die wees en verdrukte reg te doen.
Geen mens uit die aarde sal langer voortgaan
om skrik aan te jaag nie.

**B. Besprekingsvrae**

**1. Die psalmskrywer en sy geloofsgenote beleef ’n “benoude” tyd (10:1) as gevolg van die verdrukking van “goddeloses”. Die goddeloses verwys na Jode in die tyd van die skrywer wat met vreemde oorheersers (“heidene”, waarskynlik Grieke) saamgespan het om hulle volksgenote uit te buit. Maak ’n lysie van die oortredings waarvan die goddelose aangekla word. Kyk na verse 1-11 en 13.**

**2. Met watter woorde word die slagoffers van goddelose mense beskryf? Kyk na verse 2, 8, 9, 12, 14, 17 en 18. Hierdie woorde beskryf mense wat finansieel swaar kry, maar geleerdes stem daaroor saam dat hulle houding teenoor die**

**Here die belangrike kenmerk was. Watter woord of woorde gee daaraan uitdrukking?**

**3. Die psalmdigter vra dat die Here sal ingryp, maar spreek terselfdertyd die vertroue uit dat dit sal gebeur. Wat is die inhoud van die digter se "geloofsbelydenis" wat uit die psalm straal?**

**4. Hoe kan Psalm 10 ons as gelowiges in tye van swaarkry, hetsy as gevolg van uitbuiting of vervolging, bemoedig? Hoe help die psalm ons om vir die Here dankie te sê en Hom te loof?**

## C. Riglynantwoorde

**1. Die oortredings van die goddelose mense:** Hulle vervolg die gelowiges, maak listige planne teen hulle, hulle begeerte regeer hulle lewe, hulle maak onregverdige wins, hulle verag die Here, hulle sê arrogant daar is nie 'n god nie of in elk geval nie een wat kennis neem van oortredings nie, hulle dink God se gerigte gaan bo-oor hulle, dit raak hulle dus nie, hulle glo dit sal geslagte lank met hulle nét goed gaan, hulle vloek en bedrieg en verdruk mense met dit wat hulle sê, hulle stel hinderlae vir onskuldige mense en maak hulle dood, hulle vang die ellendiges soos leeus of soos jagters wild vang, hulle sê God sien dit nie raak nie of vergeet vir altyd van hulle misdade, hulle verag God en sê Hy neem nie kennis nie.
**2. Met watter woorde word die slagoffers van die goddelose beskryf?** Ellendige, onskuldige, ongelukkige, ellendige, ongelukkige, die wees, ootmoediges, die wees en verdrukte. **Belangrike houding:** "Ootmoediges". In ander psalms word hulle soms as die "gebrokenes van hart" of "gebrokenes van gees" genoem – Jesus het op grond van hierdie beskrywings van die "armes van gees" gepraat. Dit is mense wat hulle afhanklikheid van God besef en met woorde en deur hulle optrede dit bely.
**3. Die digter se geloofsbelydenis:** Vers 14 sê God neem kennis van moeite en verdriet, Hy was in die verlede altyd die helper van die weeskind. Vers 16: Die Here is Koning vir ewig, die heidene sal uit sy land verdwyn. Vers 17: Die Here luister na die gebede van die ootmoediges en Hy sal hulle versterk. Vers 18: Die Here sal aan die weduwee en verdrukte reg doen. Die onregverdige verskrikking van gelowiges sal tot 'n einde kom.
**4. Bemoediging:** Die psalm bevestig dat die Here die Koning en Regter van die heelal is. Daarom sal Hy onregverdige optrede, uitbuiting van arm gelowiges en vervolging van sy kinders nie vir altyd ignoreer nie. Hy sal regverdig oordeel en, wanneer sy koninkryk kom, regverdig regeer. **Dankbaarheid:** Ons kan dankie sê dat ons God Koning is wat regverdig sal oordeel. Indien ons nie onreg en verdrukking ervaar nie, kan ons dankie sê dat ons dit gespaar word. Op die oomblik is ons land in 'n staat van oorlog, maar die oorlog is teen 'n gemeenskaplike vyand; dit is nie 'n burgeroorlog nie. Elkeen van ons het baie om voor dankbaar te wees.